

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Tuesday 7 October 1975

WINDHOEK

Dinsdag 7 Oktober 1975

No. 3493

CONTENTS

INHOUD

GOVERNMENT NOTICE:	Page	GOEWERMENTSKENNISGEWING:	Bladsy
No. 279 Ordinance, 1975: Promulgation of	1625	Ordonnansie, 1975: Uitvaardiging van	1625

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 279] [7 October 1975

ORDINANCE, 1975: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:

No.	Title	Page
16	Local Loans Amendment Ordinance, 1975	1626

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 279] [7 Oktober 1975

ORDONNANSIE, 1975: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:

No.	Titel	Bladsy
16	Wysigingsordonnansie op Plaaslike Lenings, 1975	1627

No. 16 of 1975.

LOCAL LOANS AMENDMENT ORDINANCE,
1975.

(Assented to 2 October 1975.)
(Afrikaans text signed by the Administrator.)
(Date of commencement 7 October 1975.)

ORDINANCE

To amend the Local Loans Ordinance, 1927, in regard to definitions and the payment of interest; to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator"; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

1. The following section is hereby substituted for section 1 of the Local Loans Ordinance, 1927 (Ordinance 7 of 1927) — hereinafter referred to as the principal Ordinance:

Substitution of section 1 of Ordinance 7 of 1927, as amended by section 1 of Ordinance 6 of 1967.

Definitions. 1. (1) In this Ordinance, unless inconsistent with the context -

"Executive Committee" means the Administrator-in-Executive-Committee referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);

"local authority" means any municipality, village management board, the Peri-Urban Development Board established under section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), any local authority referred to in section seven of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), as amended and applied to this Territory by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920), and any such other body as the Executive Committee may declare to be a local authority.

No. 16 van 1975.]

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PLAASLIKE
LENINGS, 1975.

(Goedgekeur 2 Oktober 1975.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

(Datum van inwerkingtreding 7 Oktober 1975.)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Plaaslike Lenings Ordonnansie 1927, betreffende woordbepalings en die betaling van rente; om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Artikel 1 van die Plaaslike Lenings Ordonnansie 1927 (Ordonnansie 7 van 1927) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 1 van Ordonnansie 7 van 1927, soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 6 van 1967.

*Woordbepaling.

1. (1) In hierdie Ordonnansie, tensy dit in stryd is met die samehang, beteken —

"plaaslike bestuur" enige munisipaliteit, dorpsbestuur, die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), enige plaaslike bestuur waarna verwys word in artikel sewe van die Publieke Gezondheids Wet, 1919 (Wet 36 van 1919), soos gewysig en toegepas op hierdie Gebied deur die Publieke Gezondheids Proklamasie 1920 (Proklamasie 36 van 1920), en enige sodanige ander liggaam soos die Uitvoerende Komitee tot 'n plaaslike bestuur verklaar;

"Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-uitvoerende-komitee bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968).

LOCAL LOANS AMENDMENT ORDINANCE,
1975.

(No. 16 of 1975).

(2) Whenever the Executive Committee has under subsection (1) declared a body to be a local authority it shall be made known by notice in the *Official Gazette*."

Amendment of section 7 of Ordinance 7 of 1927, as amended by section 2 of Ordinance 26 of 1963 and section 1 of Ordinance 14 of 1971.

2. Section 7 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words preceding the proviso of the following words:

"(1) Every loan granted under this Ordinance shall be repayable by such equal halfyearly instalments as will effect the extinction of the debt, with the interest thereon in the case of any loan in respect of which the Executive Committee has determined that it is to bear interest, within such period not exceeding forty years as may be determined by the Executive Committee:"

Amendment of Ordinance 7 of 1927 to substitute "Executive Committee" for "Administrator".

3. The principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it appears of the expression "Executive Committee".

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Local Loans Amendment Ordinance, 1975.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PLAASLIKE
LENINGS, 1975.

(No. 16 van 1975).

(2) Wanneer die Uitvoerende Komitee 'n liggaam ingevolge subartikel (1) tot 'n plaaslike bestuur verklaar het, word dit by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak.”.

2. Artikel 7 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

Wysiging van artikel 7 van Ordonnansie 7 van 1927, soos gewysig deur artikel 2 van Ordonnansie 26 van 1963 en artikel 1 van Ordonnansie 14 van 1971.

“(1) Elke ingevolge hierdie Ordonnansie toegestane lening is terugbetaalbaar in sodanige gelyke halfjaarlikse paaiemente dat die skuld, met rente daarop in die geval van 'n lening ten opsigte waarvan die Uitvoerende Komitee bepaal het dat dit rente dra, gedelg word binne so 'n tydperk van hoogstens veertig jaar soos die Uitvoerende Komitee bepaal:”.

3. Die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord “Administrateur” oral waar dit voorkom deur die uitdrukking “Uitvoerende Komitee” te vervang.

Wysiging van Ordonnansie 7 van 1927 om “Administrateur” deur “Uitvoerende Komitee” te vervang.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Plaaslike Lenings, 1975.

Kort titel.